

KONINKRYK. SUPPLEMENT 1

[DIE GELYKENISSE VAN JESUS] UITLEG VAN GELYKENISSE IN DIE BYBEL

Inleiding. In hierdie reeks oor die verkondiging van die Koninkryk van God leer jy hoe jy die gelykenisse van Jesus Christus op die korrekte manier moet uitleg, moet preek of moet onderrig. Die gelykenisse is gegroep onder bepaalde temas in die Koninkryk van God (Sien die inhoud van handleidings 9 tot 12).

Hierdie aanvulling is 'n onderrig aangaande gelykenisse. Dink na oor die volgende: Wat is 'n gelykenis? Wat is die doel om 'n gelykenis te vertel? Wat is die kenmerke van 'n gelykenis? En wat is die riglyne om gelykenisse uit te lê?

A. GELYKENISSE

Lees. Matteus 13:31-32; Johannes 15:1-6; Esegïel 4:1-8.

Leer. 'n "Gelykenis" is 'n aardse verhaal met 'n hemelse betekenis. Dit is 'n illustrasie deur middel van 'n lewensgetroue verhaal. Dit is ontwerp om 'n geestelike waarheid te illustreer of om 'n vraag te beantwoord. Jesus was 'n meester in die vertel van gelykenisse. Hy het *aardse verhale* gebruik om mense te wys op die *hemelse sake*. Hy het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met de werklikhede van hul situasie en de noodsaak van hul verandering.

'n Gelykenis is nie 'n historiese verslag nie, maar die verhaal moet lewensgetrou wees. Dit beskryf dinge *wat regtig kan gebeur*. 'n Gelykenis word beperk tot feite, tot sake wat regtig kan gebeur. Dit oorskry nie die grense van die werklikheid nie (Matteus 13:31-32). 'n Gelykenis verskil van ander stylfigure van vergelyking soos 'n allegorie (Johannes 15:1-6) of profetiese simboliek (Esegïel 4:1-8) wat wel of nie lewensgetrou kan wees.

B. DIE DOEL VAN GELYKENISSE

Lees. Matteus 7:6; 10:14-15,23,26-27; 13:10-17; Markus 4:10-12; Lukas 8:10.

Ontdek en bespreek. Hoekom het Jesus gelykenisse vertel?

Aantekeninge.

Die doel van die vertel van gelykenisse is *om hemelse waarhede met aardse verhale te illustreer*.

Hoekom sê Jesus in die gelykenis van **die saaiër**: "Aan julle is dit gegee om die geheime van die Koninkryk van God te ken, maar vir die ander bly dit by gelykenisse (eintlik: raaisels) sodat hulle kyk sonder om te sien en hoor sonder om te verstaan" (Lukas 8:10)? Was dit die bedoeling van Jesus om mense in die samelewing in die duister te laat aangaande die Koninkryk van God? Nee! Die bedoeling van Jesus was dat die waarhede van sy onderrig, ingeslote die gelykenisse, openlik aan alle mense in die wêreld verkondig moes word en nie beperk moes word tot 'n klein groepie ingewyde mense nie, omdat Hy sy dissipels beveel het om die waarheid van die dakke af uit te basuin (Matteus 10:27) en in die hele wêreld te verkondig sodat al die nasies die getuigenis kon hoor (Matteus 24:14)!

Maar die proklamasie van die waarheid aan alle mense in die wêreld beteken nog nie dat alle mense in die wêreld die boodskap hoor of verstaan nie! *Die houding van die hoorders* is baie belangrik. Deur gelykenisse te vertel het Jesus die waarheid begryplik gemaak vir mense met 'n positiewe houding wat daarop reageer, maar het Hy die waarheid verberg vir mense met 'n negatiewe houding wat nie daarop wil reageer nie! Hy het wat "heilig" is nie vir die honde gegooi nie sodat hulle omspring en dit verskeur nie en Hy het sy pêrels nie vir die varke gegooi nie sodat hulle dit met hul pote vertrap nie (Matteus 7:6). Die houding van die hoorders het bepaal of hulle die geheimenisse van die Koninkryk van God kan verstaan of nie.

Jesus het nie sy dissipels beveel om die evangelie maar aanhoudend aan mense wat dit bly afwys, te verkondig nie. Die dissipels moes geduld beoefen. Maar ook geduld het grense! Daar kom 'n tyd wanneer die aanhoudende weerstand teen die genadige uitnodiging van die evangelie en die onderwysings van Jesus Christus gestraf moet word deur die vertrek van die boodskappers van die Bybel. Daarom het Jesus sy dissipels geleer om nie te bly op plekke waar hul boodskap verwerp word nie (Matteus 10:14). Die gelykenis van **die vyeboom** leer dat God sy geduld nie eindeloos verleng nie (Lukas 13:1-9). Ook die apostel Paulus en sy medewerkers het geleer as Christene aanhoudend bly by mense wat die christelike geloof verag, dan is dit nie billik teenoor die ander gebiede in die wêreld wat ook die boodskap moet hoor (Handelinge 13:45-46; 18:5-6; Romeine 16:17-18; Titus 3:10). Vergeet nie dat die oes wel groot is, maar dat die arbeiders baie min is (Matteus 9:37).

C. DIE KENMERKE VAN 'N GELYKENIS

1. Die moontlike elemente (onderdele) van 'n gelykenis.

Lees. Matteus 13:31-32; Matteus 13:3-9,18-23; Lukas 10:25-37.

Ontdek en bespreek. Wat is die moontlike elemente (onderdele) van 'n gelykenis?

Aantekeninge. 'n Gelykenis het drie moontlike elemente (onderdele): die agtergrond, die verhaal en die uitleg of toepassing. Maar 'n gelykenis in die Bybel kan ook slegs één of twee van hierdie elemente bevat. Byvoorbeeld:

- Die gelykenis van **die mosterdsaadjie** het net die verhaal.
- Die gelykenis van **die saaiër** het die verhaal en die uitleg.
- Die gelykenis van **die barmhartige Samaritaan** het die agtergrond, die verhaal en die uitleg.

2. Die drie elemente (onderdele) van 'n gelykenis.

(1) Die agtergrond van 'n gelykenis.

“Die agtergrond” van 'n gelykenis bestaan uit *die aanleiding* en *die omstandighede* wat gelei het tot die vertel van die gelykenis.

Ontdek en bespreek. Wat is die agtergronde van die volgende gelykenisse?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. *Lees* Lukas 10:25-29. Die agtergrond van die gelykenis van **die barmhartige Samaritaan** is die volgende. 'n Deskundige in die Joodse Wet het aan Jesus 'n strikvraag gestel. Hy wou Jesus in sy eie woorde vang. Hy het gevra wat 'n mens moes doen om die ewige lewe te verkry. Hierdie deskundige in die Joodse wet het self geglo dat 'n mens al die wette in die Ou Testament (ingeslote die 613 mensgemaakte wette wat die Joodse geleerdes aan die wet toegevoeg het) moes onderhou ten einde die ewige lewe te verkry. As Jesus sou antwoord dat mense die hele Wet moes hou, dan sou die deskundige van die Joodse Wet Jesus daarop gewys het dat Hy en sy dissipels die wet nie gehou het soos die Joodse geleerdes geleer het nie.

Maar Jesus het sy vraag met 'n ander vraag beantwoord. Jesus wou dat hy sy eie vraag eers beantwoord. “Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?” Dit het die wetsgeleerde gedwing om sy eie vraag te beantwoord en daarmee sy geloof te bely: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.” Jesus het toe geantwoord: “Jy het reg geantwoord en jy sal die lewe verkry.”

Hierdie man het geweet dat hy nie al sy naastes liefgehad het nie en dus het hy geprobeer om homself voor die toehoorders te regverdig deur te vra, “Wie is my naaste?” In antwoord op hierdie vraag, het Jesus die gelykenis van die barmhartige Samaritaan vertel. Dit was sy antwoord op die vraag: “Wie is my naaste?” Hierdie vraag was die agtergrond vir hierdie gelykenis.

Die gelykenis van die verlore skaap. *Lees* Lukas 15:3-7; Matteus 18:12-14. Die agtergrond van die gelykenis van **die verlore skaap** in die Evangelie van Lukas en die Evangelie van Matteus is nie dieselfde nie! Dit beteken dat Jesus 'n bepaalde gelykenis meerdere kere vertel het, maar elke keer met 'n ander agtergrond, ten einde 'n ander vraag te beantwoord of 'n ander geestelike waarheid te onderrig. Die agtergrond help ons om die verskillende betekenis van hierdie gelykenisse te begryp.

Die agtergrond van die gelykenis van **die verlore skaap in die Evangelie van Lukas** hou verband met God se sorg vir verlore mense, soos tollenaars en hoere. Die agtergrond van die gelykenis van **die verlore skaap in die Evangelie van Matteus** hou verband met God se sorg vir kinders. Beide gelykenisse leer dat Jesus Christus mense in sy Koninkryk verwelkom. Terwyl Lukas die nadruk lê op veragte sondaars, lê Matteus die nadruk op onbeduidende kinders!

(2) Die verhaal van die gelykenis.

Ontdek en bespreek. Wat kenmerk die verhaal van die gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. *Lees* Lukas 10:30-35. Die verhaal is ontwerp om 'n geestelike waarheid te onderrig of 'n vraag te beantwoord. Die verhaal van 'n gelykenis is altyd “lewensgetrou”. Die verhaal word beperk tot werklike feite en gebeurtenisse wat in die geskiedenis kan plaasvind. Dit gaan nie buite die grense van werklike moontlikhede nie. Byvoorbeeld, die verhaal van 'n man wat van Jerusalem na Jerigo reis, deur rowers aangeval word en uiteindelik deur 'n Samaritaan gehelp word, is lewensgetrou en sulke dinge het ook regtig gebeur.

Lees Johannes 10:1-18; Sagaria 5:1-4. 'n Gelykenis verskil van ander *stylfigure van vergelyking*, soos 'n allegorie (Johannes 10:1-18) of profetiese simboliek (Sagaria 5:1-4) wat wel of nie lewensgetrou kan wees. Die verhaal is nie 'n fantasie nie, en gebruik ook nie profetiese simbole soos byvoorbeeld “'n vlieënde boekrol”.

(3) Die uitleg of toepassing van 'n gelykenis.

Ontdek en bespreek: Wat is die uitleg of toepassing van die volgende gelykenisse?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die baie waardevolle pêrel. *Lees* Matteus 13:44. Aan hierdie gelykenis gee Jesus geen uitleg of toepassing nie.

Die gelykenis van die verstandige en dwase bouers. Lees Matteus 7:24,26. Die toepassing van hierdie gelykenis is nie alleen om die woorde van Jesus Christus te hoor nie, maar om hulle in praktyk te bring. Let wel dat Jesus nie aan elke detail van die verhaal 'n afsonderlike uitleg gee nie. Hy gee geen uitleg aan “die huis”, “die rots” of “die sand” en ook nie aan “die stortreën”, “die vloedwaters” en “die winde” nie.

Die gelykenis van die onkruid tussen die koring. Lees Matteus 13:36-43. Die uitleg van hierdie gelykenis is dat die Koninkryk van God in sy huidige fase (vorm) bestaan uit 'n vermenging van goeie en slegte mense. Sommige mense behoort aan Jesus Christus en dien Hom, terwyl ander mense aan die duivel behoort en hom dien. Dis nie ons verantwoordelikheid om mense te beoordeel nie (of hulle ware Christene is of nie). Dis ook nie ons verantwoordelikheid om ware gelowiges van ander mense af te skei nie. By die wederkoms van Jesus Christus sal Jesus Christus sy engele gebruik om die ware gelowiges van die ongelowiges te skei.

Let wel, dat alhoewel Jesus meer dan één detail van die gelykenis uitlê, Hy nie meer dan één belangrike boodskap in hierdie gelykenis leer nie. Hy gee uitleg aan “die twee saaiers”, aan “die koring en die onkruid”, aan “die oes en die maaiers” en aan “die skuur en die brandende oondvurige”. Maar al hierdie details dien om één hoofgedagte of één belangrike boodskap te leer, naamlik, dat daar onkruid tussen die koring gesaai word (d.w.s. dat daar altyd nie-Christene tussen die Christene sal wees).

D. DIE RIGLYNE VIR DIE UITLEG VAN GELYKENISSE

Inleiding. As iemand 'n kar bestuur, moet hy die duidelike reëls vir weggebruikers volg anders kry hy 'n ongeluk. Sommige verkeersreëls het te make met links of regs ry, hoe vinnig daar gery mag word, en die tekens wat iemand moet gee as hy wil afdraai of stop. As 'n bestuurder hierdie reëls verontagsaam, veroorsaak hy waarskynlik 'n ongeluk wat tot verlies van die kar en verlies van lewens kan lei.

Op dieselfde manier moet Christene die Bybel uitlê volgens *die reëls vir Bybel uitleg (hermeneutiek)*. As 'n Christen hierdie reëls verontagsaam, leer hy waarskynlik 'n valse leerstelling en veroorsaak hy groot geestelike skade aan mense.

In die Bybel kom verskillende genres literatuur voor:

- Historiese verhale (Matteus 1:18-25), genealogieë (Matteus 1:1-17), briewe (Filemon).
- Onderwysinge (Johannes 14:6), bevele (Johannes 13:34-35) en verbodsbepalings (Matteus 5:39; 6:1,5,16,19,25; 7:1,6).
- Verskillende stylfigure in figuurlike spraak, soos byvoorbeeld vergelyking (Jesaja 53:6), metafoor (beeldspraak) (Psalm 23:1), tipe (Hebreeërs 10:8-10; 1 Korintiërs 5:7-8) en 'n simbool (Psalm 119:105; Jeremia 23:29).
- Poësie (Job, die Psalms en Spreuke).
- Die gelykenisse van Jesus.
- Profesieë (Jesaja en Jeremia)
- Apokaliptiese literatuur (Daniël en Openbaring).

Elkeen van hierdie genres het sy eie reëls vir uitleg. In hierdie studie bespreek ons die reëls vir “die uitleg van gelykenisse” van Jesus Christus.

Die volgende is ses reëls vir die uitleg van gelykenisse:

Reël 1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Die eerste verantwoordelikheid is om die natuurlike verhaal van die gelykenis te verstaan. Die gelykenis word in figuurlike taal uitgespreek en die geestelike betekenis is daarop gebaseer. Hier word die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond in die verhaal bestudeer.

Ontdek en bespreek. Wat is die dinge en gebeurtenisse wat in die verhaal beskryf word en wat beteken hierdie dinge en gebeurtenisse in die gewone lewe in die menslike geskiedenis?

Die gelykenis van die bruilof. Lees Matteus 22:1-14. In die gelykenis van **die bruilof** is die volgende feite lewensgetrou: Dit was gebruiklik om 'n uitnodiging vir 'n bruilof 'n aantal kere te herhaal. Die verskillende reaksies van die genooies is baie realisties. 'n Oosterse koning het wel mense gestraf wat sy uitnodiging verwerp het. Dit was ook gebruiklik om die bruilofsmaal heeltemal te vul. En dit was ook gebruiklik om gedurende die bruilof 'n bruilofskleed te dra.

Omdat die mense geen kalenders of dagboekies gehad het nie, was dit nie ongebruiklik onder die Jode om eers 'n algemene uitnodiging te stuur en pas later die genooies persoonlik te roep om te kom. Netsoos in die gewone lewe, kan nie alle genooies kom nie of wil hulle nie kom nie. Hulle het allerlei verskonings gemaak hoekom hulle nie kan kom nie. Vroeër was dit onbeleef om nie op te daag nie en selfs onmoontlik om die uitnodiging van 'n koning af te slaan. Mense wat nie opgedaag het nie, is gevange geneem en soms selfs gedood! Baie mense het wel die uitnodiging aangeneem en by die fees opgedaag.

Daar is historiese bewys dat as iemand in die Midde Ooste in die teenwoordigheid van 'n koning gekom het, hy verplig was om 'n spesiale kleed te dra wat die koning aan hom gestuur het. Omdat die meeste gaste uit die onbevoorregte

klasse gekom het en nie so 'n kleed besit het nie, het hulle waarskynlik so 'n kleed aangebied gekry voordat hulle die feessaal betree het.

Reël 2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Die tweede verantwoordelikheid is om die verband van die gelykenis te bestudeer. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die spesifieke agtergrond van die volgende gelykenisse?

Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Lees Lukas 10:29. In die gelykenis van **die barmhartige Samaritaan** bestaan die verband uit sowel die agtergrond as die uitleg of toepassing van die gelykenis. Die agtergrond is 'n vraag van iemand uit die skare. 'n Wetsgeleerde het aan Jesus gevra: “Wie is my naaste?” As antwoord hierop het Jesus die gelykenis van die barmhartige Samaritaan vertel. Die toepassing wat Jesus gemaak het toon die doel van die gelykenis wat Jesus vertel het, naamlik, nie: “Wie is my naaste?”, maar wel: “Vir wie is ek 'n naaste?”

Die gelykenis van die verlore skaap. Lees Lukas 15:1-2. In die gelykenis van **die verlore skaap** bestaan die verband van die verhaal uit sowel die agtergrond as die uitleg. Die agtergrond is 'n waarneming wat Jesus gemaak het oor die gedrag van die Fariseërs teenoor ander mense. “Die Fariseërs en die Skrifgeleerdes het beswaar gemaak teen die gewoonte van Jesus: “Hierdie man ontvang sondaars en eet selfs saam met hulle.” Jesus het die gelykenis van die verlore skaap vertel om mense te leer wat God se houding is teenoor tollenaars en sondaars. Ook die uitleg van Jesus toon die blydskap van God oor één sondaar wat tot bekering kom.

Die gelykenis van die volhardende weduwee. Lees Lukas 18:1. Soms word die doel om 'n gelykenis te vertel eksplisiet genoem, soos in die gelykenis van **die volhardende weduwee**. Lukas skryf: “Jesus het vir hulle 'n gelykenis vertel om duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word.” Jesus het die gelykenis vertel om sy dissipels te leer om met volharding en vrymoedigheid tot God te bid.

Die gelykenis van die arbeiders in die wingerd. Lees Matteus 20:1-16. Die gelykenis van **die arbeiders in die wingerd** begin met die woord “want” en toon aan dat die agtergrond van hierdie gelykenis verband hou met wat daar in die vorige hoofstuk geskrywe staan, naamlik, oor die ryk jongman (Matteus 19:16-30). Bowendien is die toepassing van die gelykenis wat Jesus maak dieselfde as die toepassing op die vraag van Petrus oor wat die dissipels sou ontvang, omdat hulle alles verlaat het om Jesus te volg (Matteus 20:16 en 19:27,30). Die houding van die arbeiders wat die eerste en die laaste gehuur was (Matteus 20:9-10) en die houding van die ryk jongman en van die apostel Petrus (Matteus 19:21,27,29) met betrekking tot “die dinge wat hulle besit” en “die dinge wat hulle verlang om te besit” verskaf die skakel tussen hierdie twee Bybelgedeeltes. Die belangrike boodskap of sentrale les van hierdie gelykenis is 'n ernstige waarskuwing teen 'n mens (soos Petrus) wat te veel begaan is oor die beloning wat hy van Jesus Christus sou ontvang.

Reël 3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Die derde verantwoordelikheid is om te bepaal watter besonderhede (details) in die gelykenis relevant is en watter nie met betrekking tot die onderrig wat gegee word. Baie seker is dat 'n mens nie aan elke besonderheid (detail) in die verhaal 'n aparte betekenis moet toeskryf nie. Bepaal eers wat die sentrale boodskap of belangrikste boodskap van die gelykenis is. Bepaal daarna watter besonderhede (details) in die verhaal hierdie sentrale boodskap versterk.

(1) Stel vas of hierdie Bybelgedeelte 'n historiese verslag, 'n allegorie of 'n gelykenis is een.

Dit het belangrike konsekwensies vir die identifikasie van die relevante details.

• 'n Historiese gebeurtenis of 'n gelykenis?

Die ryk man en die bedelaar Lasarus. Lees Lukas 16:19-31. Is hierdie gelykenis van **die ryk man en die bedelaar Lasarus** 'n beskrywing van 'n historiese gebeurtenis of 'n gelykenis?

- As dit 'n beskrywing van 'n *historiese gebeurtenis* is wat gebruik word om 'n besondere waarheid te illustreer, dan het elke detail 'n betekenis. Dan sê die feit dat die ryk man met Abraham kan praat terwyl hy in die hel pyn ly ons meer oor die werklike toedrag van sake in die hel. En dan het die feit dat die ryk man in die hel beland, terwyl die arm Lasarus in die hemel kom, geen geestelike of teologiese betekenis nie.

- Maar, as dit 'n *gelykenis* is, dan is die feit dat die ryk man in die hel beland en die arm Lasarus in die hemel kom, besonderhede wat baie belangrik is. Dan is dit die sentrale of hoofgedagte van die gelykenis.

Die agtergrond toon aan dat dit 'n gelykenis en nie 'n historiese gebeurtenis is nie. Die agtergrond is dieselfde vir die vorige gelykenis van **die oneerlike bestuurder**: Jesus het die Fariseërs gekonfronteer met hulle liefde vir geld (Lukas 16:1,19). Dan is die besonderhede (details) soos die ryk man wat elke dag in weelde leef terwyl die arme Lasarus verlang om van die krummels van sy tafel te eet, belangrike details, omdat hulle die hoofgedagte versterk, naamlik, dat hulle iets sê oor die gebruik van jou rykdom nou as 'n voorbereiding op jou toekoms later. Die sentrale of hoofgedagte of belangrike boodskap van hierdie gelykenis is: “Leer dat die gevolge van die lewensstyl van 'n ryk man in die huidige wêreld onomkeerbaar is in die wêreld na sy dood”.

• 'n Allegorie of 'n gelykenis?

Lees Johannes 15:1-17 en Matteus 13:3-23.

Die ware wynstok. 'n "Allegorie" is 'n uitgebreide vergelyking waarin verskillende elemente van die verhaal van die gelykenis verskillende waarhede verteenwoordig. Byvoorbeeld, Johannes 15:1-17 bevat 'n allegorie. "Die boer" verteenwoordig God die Vader, "die wynstok" Jesus Christus, "die lote wat vrugte dra" die wedergebore Christene, en "die lote wat geen vrugte dra nie" mense wat nog nie wedergebore is nie. Hierdie allegorie sê nie dat Jesus Christus letterlik 'n wynstok met lote en druiwe is nie. Dit impliseer dat die verhouding tussen Jesus Christus en mense *vergelyk kan word met 'n wynstok en sy lote*.

Maar ons moet nie probeer om elke besonderheid (detail) in die verhaal van die gelykenis 'n spesifieke betekenis te gee nie. "Die lote wat vrugte dra" verteenwoordig ware Christene. "Die lote wat geen vrugte dra nie" impliseer nie dat hierdie loter vroeër wel vrugte gedra het nie, d.w.s., hulle verteenwoordig nie wedergebore Christene wat later tog in ongelooft teruggeval het nie. So 'n gevolgtrekking sou die duidelike onderrig van Jesus Christus in Johannes 10:28 (en van Paulus in Filippense 1:6) teësprek! Die allegorie leer duidelik dat "die lote wat afgesny word en met vuur verbrand word" mense verteenwoordig die nog nooit eenmaal vrug gedra het nie, omdat hulle nog nooit in 'n vertroulike verhouding met Jesus Christus gestaan het nie! Hulle was nooit regtig gelowiges nie en hulle "in-Christus verhouding" was miskien tradisioneel geërf of kultureel aangeleer, maar tog altyd alleen maar uiterlik!

Die konklusie is dat hierdie allegorie nie leer dat wedergebore Christene weer hul verlossing kan verloor nie. Dit leer dat naam-Christene vrugteloos bly en dat ware wedergebore Christene baie vrugte sal dra. 'n Allegorie het verskillende elemente wat vergelyk word, maar 'n gelykenis het maar één sentrale les, één belangrike boodskap.

Die gelykenis van die saaiër. "'n Gelykenis" is 'n verhaal met waarhede wat lewensgetrou is, maar 'n allegorie is nie noodsaaklik lewensgetrou nie. Terwyl 'n allegorie en 'n gelykenis beide één sentrale tema kan hê, is 'n gelykenis ontwerp om maar één sentrale punt te maak en 'n allegorie om verskillende punte te maak wat wel of nie verwant kan wees. Die gelykenis van **die saaiër** lyk aanvanklik op 'n allegorie, omdat daar in die uitleg 'n geestelike boodskap in byna elke element lê: "Die saad" verteenwoordig die Woord van God (die Bybel), "die voëls" die duiwel wat die Woord probeer weg te roof, "die (harde) pad" 'n verharde hart, ens. Nietemin is dit tog 'n gelykenis, omdat die uitleg aantoon dat daar maar één tema is: "Die resultaat in die lewe van 'n Christen is afhanklik van sy reaksie (respons) op God se Woord; en sy reaksie (respons) op God se Woord is afhanklik van die toestand en houding van sy hart." Jesus het doelbewus verskillende details ontwerp om hierdie sentrale boodskap van die gelykenis te versterk.

(2) Gelykenisse wat as 'n allegorie uitgelê word.

Moet Christene gelykenisse as allegorieë behandel en dus aan elke element in die verhaal 'n spesifieke geestelike betekenis toeken? Omdat Christene aan die begin nie geweet het hoe hulle gelykenisse moes uitleg nie, *het hulle gelykenisse as allegorieë uitgelê* en daardeur fantasties betekenis aan die verskillende elemente van die verhaal toegeken.

Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Lees Lukas 10:25-37. Die volgende uitleg van die gelykenis van **die barmhartige Samaritaan** is verkeerd omdat die gelykenis as 'n allegorie uitgelê word.

"Die man wat van Jerusalem af na Jerigo op pad was" verteenwoordig Adam of die leerstelling van die sondeval as gevolg van die ongehoorsaamheid van die mens. "Jerusalem" verteenwoordig die paradys of die hemel en "Jerigo" die wêreld. "Die rowers" is magtige teenstanders soos demone en valse leraars vóór die eerste koms van Christus. Toe Adam geskape is, het hy in sonde geval deur die aanval van die duiwel en sy engele. "Die wonde" verteenwoordig die ongehoorsaamheid en sonde van mense. "Die rowers het die man kaal uitgetrek" verteenwoordig sy verlies van heiligheid, onsterflikheid en alle deugde. "Die rowers het die man halfdood laat lê" verteenwoordig die sterflike natuur van die liggaam, terwyl sy siel onsterflik bly. "Die priester" en "die Leviet" verteenwoordig die Wet en die Profete van die Ou Testament. Die Wet en die Profete kon die gevalle mensheid nie red nie. "Die barmhartige Samaritaan" verteenwoordig natuurlik Jesus Christus. Hy het gekom om die mensheid te red. "Die wyn" verteenwoordig die Woord het wat onderrig gee en mense verbeter, terwyl "die olie" die leerstelling van liefde, medelye en barmhartigheid verteenwoordig. "Die rydier" verteenwoordig die Liggaam van Christus wat die mens na die Kerk/Gemeente toe dra. "Die herberg" verteenwoordig die Kerk/Gemeente en "die eienaar (die herbergier)" verteenwoordig die apostels en hul opvolgers, soos biskoppe en ander kerklike ampte. "Die twee muntstukke" verteenwoordig geloof in die Vader en in die Seun, of die twee Testamente in die Bybel, of die liefde vir God en vir die naaste. Jesus Christus red die mensheid deur sy liggaam aan die kruis oor te gee en deur die Kerk/Gemeente te vestig as 'n skuilplek vir gelowiges tot die wederkoms. "Die belofte dat die barmhartige Samaritaan weer sou terugkeer" verteenwoordig natuurlik die wederkoms van Christus.

Dit was die uitleg van die kerkvader, Origenes (185 – 254 n.C.). Hy het gedink dat elke detail van die verhaal 'n baie spesiale betekenis moes hê. En ondanks die feit dat *Jesus Christus Self die uitleg en die toepassing van hierdie gelykenis gegee het, het Origenes tog sy eie uitleg daaraan gegee*. Dit is duidelik dat Origenes met sy fantasties versinsels die gelykenis heeltemal nie verstaan het nie! As Origenes die gelykenis in sy verband uitgelê het, sou hy tot 'n ander insig gekom het.

Konklusie: Christene moet gelykenisse nooit as allegorieë uitleg deur aan elke detail 'n ander betekenis toe te skryf nie!

(3) Bepaal watter besonderhede (details) relevant is.

Die relevante details (besonderhede) is alleen daardie details wat die hooftema of die belangrike boodskap versterk. Hierdie waarhede mag uitgelê en toegepas word.

Die gelykenis van die verlore seun. Lees Lukas 15:11-32. “Die feit dat die vader by die huis gebly het en nie sy seun gaan soek het nie” is nie ’n relevante detail nie, omdat Jesus Christus nie leer dat die hemelse Vader nie verlore sondaars soek nie. Hy het dit al duidelik gemaak in die vorige twee gelykenisse. Maar, dat “die vader met verlange uituitsien na die terugkeer van sy seun, na hom toe hardloop en met blydschap verwelkom en omhels” is almal relevante en betekenisvolle details, omdat hulle die sentrale tema of die belangrike boodskap versterk, naamlik, dat hulle die houding van God teenoor sondaars openbaar.

(4) Bepaal watter besonderhede (details) nie relevant is nie.

Alhoewel alle details in die verhaal betekenis vir die verhaal van die gelykenis het, het hulle nie almal betekenis vir die boodskap van die gelykenis nie. Jesus hehet nie bedoel dat elke detail in die gelykenis noodsaaklik ’n geestelike betekenis moet hê nie! Die besonderhede wat nie relevant vir die boodskap van die gelykenis is nie, moet ook geïdentifiseer word en opsy gesit word.

Die gelykenis van die slaaf wat niks verdien nie. Lees Lukas 17:7-10. Keur Jesus hiermee slawerny goed? Gee Jesus hiermee prinsipes vir die verhouding tussen werkgewers en werknemers? Of leer Hy wat Christene as gul, genadig en hoflik gedrag moet beskou? Die agtergrond van hierdie gelykenis (Lukas 17:3-4) bevat die onderrig van Jesus met betrekking tot die teregwyding van ’n broeder as hy gesondig het en hom vergewe as hy berou het. Die sentrale tema of die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is dat dit geen verdienste is wanneer Christene doen wat reg en goed is. Die ander details van die verhaal is nie relevant met betrekking tot hierdie belangrike boodskap nie en moet nie verder uitgelê word nie.

Reël 4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Die vierde verantwoordelikheid is om die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis te bepaal. Die belangrike boodskap van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Vanuit die wyse waarop Jesus Christus Self sy gelykenisse uitgelê of toegepas het, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitleê. *’n Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om ’n geestelike waarheid in elke besonderheid (detail) van die verhaal van ’n gelykenis te vind nie.

Ontdek en bespreek. Wat is die sentrale boodskap van elk van die volgende gelykenisse?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Lees Lukas 10:25-29. Wat is die belangrike boodskap in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan? Moet Christene hierdie gelykenis as ’n allegorie beskou en ’n besondere (spesifieke) betekenis aan elke detail toeskryf? Dan sou die gelykenis die heilsgeskiedenis in simboliese taal uitleê (sien die uitleg van Origines hierbo) in plaas van ’n boodskap te wees oor “wie my naaste is”. Nee, *Christene moet nie die gelykenisse as allegorieë uitleê nie.* Die historiese verband van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan toon aan dat die belangrike boodskap ’n antwoord moet wees op die vraag: “Wie is my naaste?” Of beter: “Vir wie is ek ’n naaste?” Of “Wanneer is ek ’n naaste vir iemand anders?”

Die gelykenis van die saaiër. Lees Matteus 13:3-9. Wat is die belangrike boodskap in die gelykenis van die saaiër? Is dit ’n gelykenis oor die verantwoordelikheid van die saaiër (die prediker) – waar en hoe hy die Woord van God moet saai? daar is geen enkele aanduiding dat alleen maar 25% van alle mense in die wêreld “goeie grond” is en dus gered sal word nie. ’n Dergelyke allegoriese uitleg steek verby die uitleg van Jesus Christus. Die uitleg van Jesus Christus toon aan dat dit *nie ’n gelykenis is oor die verantwoordelikheid van die saaiër van die Woord van God, maar ’n gelykenis oor die verantwoordelikheid van die ontvanger van die Woord van God.* Dit is ’n gelykenis oor die toestand of gesteldheid van die hart en die houding van die hart van die ontvanger. Jesus leer dat die hoorders van die Woord van God verantwoordelik is hoe hulle reageer op die verkondiging van die Woord van God. Die belangrike boodskap is dat “die resultaat in jou lewe afhang van hoe jy reageer op die Woord van God (die Bybel) en jou reaksie op die Woord van God afhang van die toestand en houding van jou hart.” Daarom kan predikers (saaiers) verskillende reaksie op hul prediking en onderrig van die Bybel verwag.

Die gelykenis van die oneerlike bestuurder. Lees Lukas 16:1-13. Wat is die belangrike boodskap van die gelykenis van die oneerlike bestuurder? Leer Jesus Christus vir Christene om oneerlik (onregverdig) te wees netsoos hierdie bestuurder? Leer Hy sy dissipels om ander mense te gebruik vir sy eie voordeel? Nee. Die sentrale punt in die gelykenis staan in vers 8 en die toepassing van die gelykenis in vers 9 is direk daarmee verbonde. Jesus Christus keur die oneerlike gedrag van die rentmeester nie goed nie, maar beveel wel sy skerpsinnige vooruitsiende blik aan. Netsoos die bestuurder moet die dissipels hul huidige middele investeer as hulle hul toekoms beplan. Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is dat “’n skerpsinnige mens sy aardse middele (geld en besittings) moet gebruik om sy ewige seënninge in die hemel voor te berei”.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

(1) Sommige gelykenisse het ooreenkomste met mekaar en kan vergelyk word.

- Die gelykenis van **die goue muntstukke** (Lukas 19:11-27). Die man van adellike afkoms het *dieselfde bedrag* aan elk van sy tien slawe gegee, maar het by sy terugkoms *verskillende belonings* aan elkeen gegee toe hy uitgevind het dat sommige slawe baie meer dan die andere daarmee verdien het.
- Die gelykenis van **die talente** (Matteus 25:14-30). Die eienaar van slawe het 'n lang reis na die buiteland gemaak. Hy het *verskillende bedrae* aan elk van sy drie slawe gegee, maar het by sy terugkoms *dieselfde beloning* aan sy twee troue slawe gegee.
- Die gelykenis van **die arbeiders in die wingerd** (Matteus 20:1-16). Die eienaar van die wingerd het arbeiders ingehuur op *verskillende tye* van die dag, maar het aan die einde van die dag *dieselfde beloning* aan hulle gegee.

Die sentrale boodskap van al hierdie gelykenisse is om gereed te wees by die wederkoms van Jesus Christus, omdat elke mens rekenskap sal moet gee van sy rentmeesterskap met betrekking tot wat God aan hom toevertrou het.

(2) Maar elke gelykenis leer ook 'n ander waarheid.

- Die gelykenis van **die goue muntstukke** leer dat die slaaf wat die trouste was in die toekoms 'n groter verantwoordelikheid sal kry. Daar is verskillende *graderings van belonings vir verskillende graderings van trou en ywer*.
- Die gelykenis van **die talente** leer dat *die belonings nie gebaseer is op die verskillende grade van sukses* van die slawe as gevolg van die verskillende geleenthede wat God aan hulle gegee het.
- Die gelykenis van **die arbeiders in die wingerd** leer dat God elke mens wat na Hom toe kom sal beloon, ongeag hoe lank hy Hom ken en dien. *Die beloning van die ewige lewe is nie afhanklik van hoe lank jy 'n Christen is nie.*

Reël 6. Baseer christelike leerstellings alleen op baie duidelike Bybelgedeeltes.

Die sesde verantwoordelikheid is om christelike onderwys en christelike leerstellings (dogmas) alleen op duidelike Bybelgedeeltes te baseer, d.w.s., op die gebooe, verbodsbepalings en onderwysings in die Bybel. Gelykenisse mag nie die *primêre* bron vir christelike leerstellings wees nie. Bestaande christelike leerstellings mag met 'n gelykenis geïllustreer word. Maar nuwe leerstellings mag nie alleen op 'n gelykenis gebaseer word nie. Die volgorde by die uitleg (eksegese) van die Bybel is: eers die letterlike betekenis en dan die figuurlike betekenis; eers wat duidelik is, dan wat vaag is. Vergelyk daarom die uitleg van 'n gelykenis altyd met die direkte onderwysings in die Bybel!

Die gelykenis van die onkruid tussen die koring. Lees Matteus 13:24-30, 36-43. As Jesus Christus die uitleg van 'n gelykenis gee, dan mag sy uitleg netsoos al die ander duidelike onderwysings in die Bybel dien om christelike leerstellings te formuleer. Byvoorbeeld, die uitleg van die gelykenis van **die onkruid tussen die koring** in Matteus 13:36-43 mag dien om 'n christelike leerstelling te formuleer.

Die figuurlike taal van gelykenisse is nie die beste materiaal om christelike leerstellings te formuleer nie. Byvoorbeeld, die gelykenis van die onkruid tussen die koring leer dat die mense in die Koninkryk van God (dus ook in die Kerk/Gemeente) is gelowiges (Christene) en ongelowiges met mekaar vermeng. In die Koninkryk van God op die aarde (en dus ook in die wêreldwye Kerk/Gemeente en in elke lokale gemeente) is sowel wedergebore Christene as naam-Christene (tradisionele of kultuur Christene).

Maar die volgende drie gevolgtrekkings mag **nie** uit hierdie gelykenis getrek word nie:

- Almal in die Koninkryk van God (naamlik, “die kinders van die Koninkryk” en “die kinders van die bouse”) moet sonder onderskeid met water gedoop word (alleen al omdat hulle in die Kerk/Gemeente is).
- Almal mag sonder beoordeling lidmaat van die Kerk/Gemeente word.
- Niemand mag onder tug geplaas word nie, ongeag hoe groot sy oortreding is.

Die christelike leerstellings met betrekking tot wie met water gedoop moet word, wie lidmaat mag word en wie onder tug geplaas moet word moet op ander duidelike Bybelgedeeltes gebaseer word (Matteus 28:19; 18:15-18).

Die gelykenis van die verlore seun. Lees Lukas 15:11-32. 'n Ander voorbeeld. Hierdie gelykenis leer dat God sondaars wat hul bekeer verwelkom. Maar hierdie gelykenis mag nie gebruik word om te leer hoe 'n sondaar tot God terugkeer nie. Hierdie gelykenis leer **nie** dat 'n sondaar alleen maar berou oor sy misdade moet hê en Jesus Christus en sy soenoffer nie moet aan te neem nie. Die christelike leerstelling met betrekking tot versoening en verlossing moet op ander duidelike Bybelgedeeltes gebaseer word (Romeine 3:21-26).

Daarom behoort Christene meesal nie die gelykenisse van Jesus te gebruik om christelike leerstellings te formuleer nie, maar wel om die waarheid in christelike leerstellings wat in ander Bybelgedeeltes geleer word, te bevestig en te versterk.

E. OPDRAG

(1) Leer die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse uit jou kop.

(2) Bepaal die agtergrond en die uitleg of toepassing van die volgende gelykenisse:

Die antwoord word in hakies gegee.

- Matteus 13:47-48 (Matteus 13:49-50)
 - Matteus 25:14-30 (Matteus 25:13)
 - Lukas 11:5-8 (Lukas 11:9-10)
 - Lukas 12:13-20 (Lukas 12:21)
 - Lukas 15:3-32 (Lukas 15:1-2)
 - Lukas 16:19-31 (Lukas 16:14)
 - Lukas 19:12-27 (Lukas 19:11)
-